# Rentekoerse vir eers in toom gehou
# Plaaslike ekonomiese nuus: April 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Bestedingsinligting in die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se jongste Kwartaallikse Bulletin dui daarop dat dinge ietwat meer positief lyk vir verbruikers.

Hoewel teen ‘n ietwat stadiger pas, het verbruiksbesteding tussen die derde en vierde kwartale van verlede jaar bly toeneem vanweë ‘n toename in besteebare huishoudelike inkomste.

## Indiensneming en loonverhogings

Toe die meeste ekonomieë nog gesteier het onder die wêreldwye resessie, kon Suid-Afrika begin briek aandraai met werknemer-afleggings danksy goeie BBP-groei in die vierde kwartaal, wat die herstel van besteebare huishoudelike inkomste ondersteun het. Voorts is diegene met werk gelukkig genoeg dat hulle intussen salarisverhogings bokant die inflasiekoers gehad het. Tesame met lae rente- en inflasiekoerse het dit die bestedingsvermoë bevorder, asook die volgehoue verlaging van skuldvlakke.

## Petrol- en voedselpryse hou ‘n inflasie-risiko in

Namate die politieke situasie in die olie-produserende lande van Noord-Afrika en die Midde-Ooste versleg, is daar ‘n risiko dat inflasie aansienlik kan toeneem vanweë hoë oliepryse wat deur verskaffersvrees gedryf word.

Die voortdurende styging in voedselpryse wêreldwyd is ook ‘n bron van kommer. Die SARB het derhalwe sy inflasieverwagting opwaarts aangepas, hoewel rentekoerse vir eers onveranderd gaan bly.

## Spaarkoers neem toe, maar nie by huishoudings

Dit is goeie nuus dat die nasionale spaarkoers, as ‘n persentasie van die BBP, tussen 2009 en 2010 toegeneem net. Die vernaamste dryfkrag agter die spaarpoging is egter weer eens die sakesektor eerder as die huishoudelike of die regeringsektor. Huishoudelike spaarneigings is steeds onbeduidend, maar dit is slegs moontlik om te spaar indien daar van jou inkomste oorbly nadat jy die res op noodsaaklikhede bestee het. In ‘n land met ‘n werkloosheidsyfer van 24% bly dit ‘n groot uitdaging vir huishoudings om meer te spaar, tensy daar ‘n toename in werksgeleenthede is.

Die regering het ‘n groot agterstand, deels vanweë besteding op dag-tot-dag uitgawes eerder as beleggingsbesteding.

## Groter fokus op belegging nodig

Die regering moet die voorbeeld stel met ‘n spaarbeleid. In sy begrotingsrede het die minister van finansies genoem dat die regering se besteding op salarisse toegeneem het tot byna 40% van regeringsbesteding. Ekonomiese groeiteikens sal nie bereik word nie, tensy die regering op projekte begin bestee wat belegging en infrastruktuurbesteding finansier, eerder as dag-tot-dag uitgawes.

## Kollig op spaar

Die gebrek aan ‘n spaarkultuur is waarskynlik een van die grootste redes waarom daar nie gespaar word nie. Dit kan oor ‘n tydperk deur middel van opvoeding verander word. Finansiële instellings moet voortgaan

om hul dienste meer toeganklik te maak en produkte aanbied wat in verskillende verbruikersbehoeftes voorsien. Sulke pogings sal egter nie geslaagd wees as werkskepping en verbruikersinkomstes nie deur volgehoue ekonomiese groei ‘n styging toon nie.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*